HOOF FINANSIËLE BEAMPTE SE VERSLAG

REMGRO SE RESULTATE IS BEÏNVLOED DEUR DIE **ONTBONDELING VAN RMH** EN DIE COVID-19-PANDEMIE.

Neville Williams
Hoof finansiële beampte

INLEIDING

Vanweë die feit dat Remgro 'n beleggingshouermaatskappy is, is tradisionele prestasiemetings, soos verkope of bruto wins, nie betekenisvolle maatstawwe om die groep se vertoning te beoordeel nie. Bestuur gebruik egter "wesensverdienste", "intrinsieke netto batewaarde" en "kontant by die kern" om die groep se vertoning op 'n deurlopende grondslag te evalueer en daarom word hierdie konsepte deurgaans in die geïntegreerde jaarverslag gebruik om aandeelhouers 'n beter begrip van ons resultate te gee.

RESULTATE

VERGELYKING MET VORIGE JAAR

As gevolg van die ontbondeling van Remgro se 28.2%-belang in RMB Holdings Beperk (RMH) (RMH-ontbondeling), word verdienste en wesensverdienste maatstawwe vir voortgesette en beëindigde bedrywighede aangebied. Die belegging in RMH word as 'n beëindigde bedrywigheid hanteer en gevolglik sluit beëindigde bedrywighede die geëkwiteerde inkomste van RMH vir beide finansiële jare in, sowel as die wins wat met die RMH-ontbondeling gerealiseer is. Vir die jaar onder oorsig is die belegging in RMH geëkwiteer vir die nege maande tot 31 Maart 2020 (2019: twaalf maande tot 30 Junie 2019). Beëindigde bedrywighede in die vorige jaar sluit ook die wins in wat met die verkoop van Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk (Unilever) gerealiseer is.

Daar moet ook op gelet word dat met ingang van 8 Junie 2020, Remgro se beduidende invloed oor FirstRand Beperk (FirstRand) beëindig is vanweë, onder andere, die RMH-ontbondeling en gevolglik is die belegging herklassifiseer van 'n geëkwiteerde belegging na 'n belegging teen billike waarde deur ander omvattende inkomste (FirstRand-herklassifikasie). Vir die jaar onder oorsig is die belegging in FirstRand geëkwiteer tot 8 Junie 2020. In die toekoms sal net dividendinkomste van FirstRand in die inkomstestaat verantwoord word.

In die jaar onder oorsig het die kategorieë, waarin die resultate van die onderliggende beleggings, gerapporteer word, verander. Voorheen is RMH en FirstRand onder *bankwese* geklassifiseer en Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI) onder *versekering*. As gevolg van die RMH-ontbondeling is hierdie maatskappye by die *finansiële dienste*-kategorie ingesluit. Vergelykende syfers word ooreenkomstig aangebied.

WESENSVERDIENSTE

Vir die jaar tot 30 Junie 2020 het totale wesensverdienste met 61.4%, vanaf R8 195 miljoen tot R3 167 miljoen, afgeneem, terwyl totale wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 61.3%, vanaf 1 448.9 sent tot 560.6 sent, afgeneem het. Wesensverdienste en WVPA van voortgesette bedrywighede het met 68.7%, vanaf R5 551 miljoen tot R1 737 miljoen en vanaf 981.4 sent tot 307.5 sent onderskeidelik, afgeneem. Wesensverdienste en WVPA van beëindigde bedrywighede

het met 45.9%, vanaf R2 644 miljoen tot R1 430 miljoen en vanaf 467.5 sent tot 253.1 sent, onderskeidelik, afgeneem.

Die afname in wesensverdienste van voortgesette bedrywighede is hoofsaaklik meegebring deur die negatiewe impak wat die Covid-19-pandemie, en die gevolglike inperkingsmaatreëls, op die verdienste van RMI, FirstRand, Total South Africa Eiendoms Beperk (Total), Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH), Distell Group Holdings Beperk (Distell) en RCL Foods Beperk (RCL Foods) gehad het, sowel as laer rente-inkomste, die toename in verliese van Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH) namate hy sy veselnetwerkvoetspoor, organies en by wyse van verkrygings, uitgebrei het, en 'n eenmalige donasie van R500 miljoen aan The South African SME Relief Trust (Sukuma-donasie).

KOMMENTAAR OP RAPPORTERINGSKATEGORIEË SE VERTONING

FINANSIËLE DIENSTE

RMI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 48.4% tot R599 miljoen (2019: R1 161 miljoen) afgeneem. Op 'n genormaliseerde grondslag, wat sekere afwykings uitsluit (waaronder die effek van wesentlike rentekoersskommelinge in Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk, wat 'n aansienlike negatiewe uitwerking op verdiskonteerde kontantvloeiwaardasies en verdienste by Discovery Life gehad het), het RMI 'n afname van 24.4% in verdienste, hoofsaaklik weens laer verdienste by Discovery Holdings Beperk (Discovery) (25.6% laer) en Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan) (50.5% laer), gerapporteer. Beide Discovery en Momentum Metropolitan het, as gevolg van die Covid-19-pandemie, voorsienings vir toekomstige eise en verstrykings aansienlik verhoog. Die verdienste van OUTsurance Holdings Beperk (OUTsurance) en Hastings Group Holdings plc het onderskeidelik met 7.2% en 11.4% afgeneem. OUTsurance se afname is hoofsaaklik die gevolg van ongerealiseerde beleggingsverliese in sy ekwiteitsportefeulje, die impak van die bosbrande en natuurrampe in Australië en eise ten opsigte van sake-onderbrekings.

Die wesensverdienste-bydrae deur FirstRand en RMH het onderskeidelik R657 miljoen en R1 430 miljoen (2019: R1 093 miljoen en R2 644 miljoen) bedra. Vanweë die

FINANSIËLE HOOFTREKKE

	Jaar geëindig 30 Junie 2020	Jaar geëindig 30 Junie 2019	*% verandering*
Totale wesensverdienste (R miljoen)	**3 167**	8 195	*(61.4)*
– per aandeel (sent)	**560.6**	1 448.9	*(61.3)*
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede (R miljoen)	**1 737**	5 551	*(68.7)*
– per aandeel (sent)	**307.5**	981.4	*(68.7)*
Verdienste (R miljoen)	**6 646**	7 319	*(9.2)*
– per aandeel (sent)	**1 176.4**	1 294.0	*(9.1)*
Dividende per aandeel (sent)			
Gewoon	**265.00**	564.00	*(53.0)*
– Tussen	**215.00**	215.00	–
– Finaal	**50.00**	349.00	*(85.7)*
Intrinsieke netto batewaarde per aandeel (Rand)	**154.47**	233.03	*(33.7)*

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE DEUR RAPPORTERINGSKATEGORIEË

R miljoen	**Jaar geëindig 30 Junie 2020**	*% verandering*	Jaar geëindig 30 Junie 2019
Finansiële dienste	**2 686**	*(45.2)*	4 898
Gesondheidsorg	**1 655**	*(2.2)*	1 693
Verbruikersprodukte	**545**	*(40.6)*	918
Nywerheid	**103**	*(89.1)*	944
Infrastruktuur	**(716)**	*(311.5)*	(174)
Media en sport	**97**	*385.0*	20
Ander beleggings	**(66)**	*(269.2)*	39
Sentrale tesourie			
– Finansieringsinkomste	**479**	*(36.6)*	755
– Finansieringskoste	**(951)**	*(15.6)*	(823)
– Opsie hermeting	**2**	*(98.2)*	112
Ander netto korporatiewe koste	**(667)**	*(256.7)*	(187)
Totale wesensverdienste	**3 167**	*(61.4)*	8 195
Beëindigde bedrywighede	**(1 430)**		(2 644)
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede	**1 737**	*(68.7)*	5 551

Verwys na die samestelling van wesensverdienste op bladsy 37 vir verdere inligting.

RMH-ontbondeling en FirstRand-herklassifikasie is RMH vir die nege maande tot 31 Maart 2020 (2019: twaalf maande tot 30 Junie 2019) en FirstRand tot 8 Junie 2020, geëkwiteer.

Vir die twaalf maande tot 30 Junie 2020 het FirstRand 'n afname van 37.9% in wesensverdienste gerapporteer. Op 'n genormaliseerde grondslag, wat sekere nie-bedryfs- en rekeningkundige afwykings uitsluit en 'n beter weerspieëling van onderliggende prestasie is, het FirstRand 'n afname van 38.1% in verdienste gerapporteer. Die grootste drywer van hierdie afname in verdienste is die wesentlike hoër as verwagte kredietvoorsienings en kredietwaardedalingskoste, aangedryf deur toekomsgerigte ekonomiese aannames, soos vereis deur *IFRS 9*. Weens die impak van Covid-19 het FirstRand 'n aansienlike verhoging van R15 miljard in kredietvoorsienings-vlakke vir die jaar tot 30 Junie 2020 (2019: R5 miljard toename) gerapporteer. Terwyl die kredietwaardedalingskoste van R24 miljard (2019: R11 miljard) die mees beduidende oorsaak van die daling in verdienste was, het die negatiewe impak van rentekoersdalings en margedruk, gedempte groei in nie-rente-inkomste weens laer volumes gedurende die inperkingstyd, asook die skep van nuwe besigheid in sulke omstandighede, bykomende druk veroorsaak. Daarby het FirstRand, met inagneming van die jongste epidemiologiese en ekonomiese vooruitskattings, konserwatief vir 'n skerp toename in afleggingseise, sowel as sterfte-eise in sy versekeringsbesigheid, voorsiening gemaak.

GESONDHEIDSORG

Mediclinic International plc (Mediclinic) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R1 655 miljoen (2019: R1 693 miljoen) bedra, wat 'n afname van 2.2% verteenwoordig. Mediclinic gebruik aangepaste verdienste, wat onbestendigheid met betrekking tot sekere soorte uitsonderlike inkomste en koste uitskakel, vir prestasiebeoordeling en as 'n metode om duidelike en konsekwente rapportering aan sy aandeelhouers te verskaf. Die grootste verskil tussen aangepaste verdienste en wesensverdienste in die jaar onder oorsig het verband gehou met 'n belastingkrediet ten opsigte van 'n verlaging in Switserse statutêre belastingkoerse, terwyl die vergelykende jaar 'n belastingkrediet ten opsigte van Hirslanden-eiendomme ingesluit het. Daarby het Mediclinic in die tydperk onder oorsig *IFRS 16: Hure* geïmplementeer en vir vergelykbaarheid sy resultate ook op 'n voor-*IFRS 16*-grondslag aangebied. Remgro se gedeelte van Mediclinic se voor-*IFRS 16*-aangepaste verdienste het R1 521 miljoen (2019: R1 591 miljoen) bedra, wat 'n afname van 4.4% verteenwoordig.

In Britse pondterme het Mediclinic 'n afname in voor-*IFRS 16*-aangepaste verdienste van 8.1% gerapporteer, wat die verswakking van die gemiddelde SA randwisselkoers teenoor die Britse pond weerspieël. Die afname is hoofsaaklik te wyte aan die impak van die Covid-19-pandemie in Maart 2020 en verhoogde waardeverminderingskoste wat verband gehou het met infrastruktuur- en tegnologiese beleggings. Dit is deels teengewerk deur 'n toename van 5.2% in omset, wat gebalanseerde organiese groei en inkrementele verkrygings weerspieël. Mediclinic se vertoning was in ooreenstemming met verwagtinge, ten spyte van die skielike impak van Covid-19 in Maart op pasiëntgetalle. Al drie afdelings (Switserland, Suider-Afrika en die Midde-Ooste) is in Maart 2020, gewoonlik Mediclinic se sterkste maand, deur die aanvang van die pandemie geaffekteer. Hirslanden maak steeds goeie vordering om die besigheid aan te pas by die regulatoriese veranderinge wat die Switserse gesondheidstelsel raak en toon groei oor die hele spektrum van gesondheidsorg. Die implementering van die dagkliniekstrategie, wat gemik is op die daarstelling van 'n gerieflik geleë, meer doeltreffende laekoste-diensleweringsmodel, is voortgesit.

Al drie afdelings het gedurende Maart 2020 inperkingsmaatreëls ingestel, wat die opskorting van gekose prosedures ingesluit het. Sedert die verslapping van hierdie maatreëls in die kwartaal geëindig 30 Junie 2020 het pasiëntvolumes en -besetting geleidelik verbeter.

VERBRUIKERSPRODUKTE

Die bydrae van verbruikersprodukte tot Remgro se wesensverdienste het R545 miljoen (2019: R918 miljoen) bedra, wat 'n afname van 40.6% verteenwoordig.

RCL Foods se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 63.8% tot R92 miljoen (2019: R254 miljoen) afgeneem. RCL Foods se wesensverdienste is beduidend deur die Covid-19-pandemie en nasionale inperking in die laaste kwartaal van die jaar onder oorsig geraak. RCL Foods se hoender- en Vector Logistics-besigheid is die meeste deur die inperking geraak, hoofsaaklik weens die sluiting van kitskosrestaurante. Dit het tot 'n aansienlike omsetverlies gelei in wat hoofsaaklik vastekostebesighede is, asook heelwat hoër voorraadhouding van hoender en verwante kostestygings. Vector Logistics het ook bykomende koste aangegaan om die oorname van Imperial Logistics se kouekettingbesigheid te diens en het daardeur die grootste bevrore logistieke speler in Suid-Afrika geword. Die kitsverbruik van drinkgoed en pasteie is ook geraak en dit is effens teengewerk deur verhoogde volumes in die res van die portefeulje. Die direkte koste-impak van Covid-19 op RCL Foods, in terme van bykomende koste, het R267 miljoen bedra. Suiker het 'n beduidende verbetering in winsgewendheid getoon. Die implementering van die gesondheidbevorderingsheffing (suikerbelasting) het 'n aansienlike, en permanente, vermindering in nywerheidsvraag tot gevolg gehad. Kleinhandelsvraag het egter gedurende die jaar beduidend toegeneem. Laer invoere het ook bygedra tot 'n suksesvolle verskuiwing in die verkoopsmengsel na hoërgeprysde plaaslike verkope.

Distell se bydrae tot wesensverdienste het R165 miljoen (2019: R459 miljoen), bedra, wat 'n afname van 64.1% verteenwoordig. Distell openbaar genormaliseerde verdienste, aangepas vir buitengewone transaksies en wisselkoersbewegings, om die besigheid se vertoning aan te dui. Hierdie buitengewone transaksies sluit afleggings en herstruktureringskoste in, sowel as kredietverliesvoorsienings wat verband hou met VSA$-gedenomineerde spaarobligasies by die Reserwebank van Zimbabwe. Distell het 'n afname in genormaliseerde verdienste van 74.0% gerapporteer, hoofsaaklik weens 'n afname van 14.6% in omset tot R22.4 miljard op volumes wat, as gevolg van die Covid-19-beperkings, 22.5% laer was. Plaaslike omset het met 18.2% afgeneem, terwyl volumes met 25.5% verminder het. In ander Afrika-markte het omset met 3.0% en volumes met 14.7% afgeneem, hoofsaaklik vanweë 'n afname in volumes van 19.1% in BLNE-lande. Omset in internasionale markte buite Afrika het met 8.8%, en volumes met 13.1%, afgeneem. Die verwagte kredietverliese op handel en ander ontvangstes het met R69 miljoen toegeneem, terwyl die voorsiening vir verouderde en stadigbewegende voorraad met R124 miljoen toegeneem het weens die verbod op alkoholverkope en die feit dat sommige produkte 'n beperkte rakleeftyd het. Buiten Distell se bydrae het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingskoste ten bedrae van R47 miljoen (2019: R47 miljoen) verantwoord wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro op 11 Mei 2018 beheer oor Distell verkry het.

Die wesensverdienstebydrae van Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods) het R414 miljoen (2019: R332 miljoen) bedra, wat 'n toename van 24.7% verteenwoordig. Ingevolge 'n oorgangsooreenkoms met Unilever het Siqalo Foods 'n

DIVIDENDDEKKING (WVPA: WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL)



* *WVPA, uitgesluit eenmalige koste en opsie hermeting*

na-belaste afsluitingsbedrag ten bedrae van R31 miljoen van Unilever ontvang. Met uitsluiting van die afsluitingsbedrag het Siqalo Foods se bydrae tot wesensverdienste van R332 miljoen tot R383 miljoen (of 15.4%) toegeneem, danksy hoër verkoopspryse en laer oorhoofse koste, deels teengewerk deur 'n afname in volumes. Buiten Siqalo Foods se bydrae het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingskoste ten bedrae van R79 miljoen (2019: R80 miljoen) verantwoord wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro op 2 Julie 2018 beheer oor Siqalo Foods verkry het.

NYWERHEID

Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 2.9% tot R333 miljoen (2019: R343 miljoen) afgeneem. Die afname is hoofsaaklik weens moeilike handelsomstandighede, gekenmerk deur gedempte vraag in die meeste sektore en gepaardgaande druk op pryse.

Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n verlies van R20 miljoen (2019: wins van R328 miljoen) bedra. Ingesluit in die bydrae tot wesensverdienste vir die jaar onder oorsig is ongunstige voorraadherwaardasies ten bedrae van R229 miljoen (2019: ongunstige voorraadherwaardasies van R1 miljoen). Hierdie herwaardasies is die gevolg van die onbestendigheid in die Brent-ru-olieprys en die randwisselkoers. Met uitsluiting van die herwaardasies, het die bydrae met 36.5%, van R329 miljoen tot R209 miljoen, afgeneem. Die afname kan grootliks aan die impak van die Covid-19-inperkings toegeskryf word, wat aansienlike volumedalings in die kleinhandel-, mynbou- en kommersiële sektor tot gevolg gehad het, sowel as aan die sluiting van die Natref-raffinadery gedurende die inperkingstyd.

KTH se bydrae tot wesensverdienste het 'n verlies van R164 miljoen (2019: wins van R161 miljoen) bedra. Die afname hou hoofsaaklik verband met die negatiewe billike waarde-aanpassing van R260 miljoen (2019: positiewe billike waarde-aanpassing van R132 miljoen) op die belegging in Actom Investment Holdings Eiendoms Beperk, asook laer geëkwiteerde inkomste uit die belegging in Momentum Metropolitan.

Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco) se bydrae tot wesensverdienste het R80 miljoen (2019: R121 miljoen) bedra, terwyl PGSI Beperk (PGSI) se bydrae 'n verlies van R126 miljoen (2019: 'n verlies van R9 miljoen) bedra het. Beide maatskappye is sedert 27 Maart 2020 wesentlik deur die Covid-19-pandemie en verskillende vlakke van inperking geraak. Hoewel bedrywighede aan die begin van Mei 2020 hervat is, was vraag vir die res van die finansiële jaar gedemp.

INFRASTRUKTUUR

CIVH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n verlies van R649 miljoen (2019: verlies van R204 miljoen) bedra. Die afname het hoofsaaklik te doen met aansienlike transaksie- en befondsingskoste wat aangegaan is met die verkryging van 'n bykomende belang van 65.1% in Vumatel Eiendoms Beperk (Vumatel) in Mei 2019, sowel as bykomende verliese (tien maande) wat ten opsigte van Vumatel verantwoord is met die verkryging van die belang. CIVH se resultate is ook negatief beïnvloed deur omsigtige kredietvoorsiening weens die onsekerhede wat deur die Covid-19-pandemie veroorsaak is. Ondanks die toename in verliese, het Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA) se omset met 5.0% toegeneem danksy annuïteitsinkomste wat teen 31 Maart 2020 tot meer as R179 miljoen per maand (31 Maart 2019: R159 miljoen) toegeneem het. DFA se bydrae is negatief beïnvloed deur hoër waardeverminderings- en finansieringskoste gekoppel aan netwerkuitbreiding. Vumatel se omset het met 80.0% tot R1.5 miljard toegeneem in vergeleke met die vorige jaar, hoofsaaklik danksy groei in intekenare. Sy resultate is egter ook negatief geraak deur hoër waardeverminderings- en finansieringskoste wat met netwerkuitbreiding verband hou.

Grindrod Beperk (Grindrod) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n verlies van R12 miljoen (2019: wins van

KONTANT BY DIE KERN

	30 Junie 2020			
	Valuta-waarde miljoen	Wissel-koers	R miljoen	30 Junie 2019 R miljoen
SA-rand			**6 721**	9 108
Britse pond	**352.9**	**21.4537**	**7 572**	2 063
VSA-dollar	**159.7**	**17.3475**	**2 770**	4 550
Switserse frank	**0.6**	**18.3145**	**10**	6
			17 073	15 727

KONTANTBEWEGING BY DIE HOUERMAATSKAPPY (KONTANT BY DIE KERN)



Sluitingswisselkoerse	30 Junie 2020	30 Junie 2019	*Beweging %*
USD/ZAR	**17.3475**	14.0682	*(23.3)*
GBP/ZAR	**21.4537**	17.8775	*(20.0)*
CHF/ZAR	**18.3145**	14.4221	*(27.0)*

Gemiddelde wisselkoerse	Jaar geëindig 30 Junie 2020	Jaar geëindig 30 Junie 2019	*Beweging %*
USD/ZAR	**15.6594**	14.1865	*(10.4)*
GBP/ZAR	**19.7171**	18.3618	*(7.4)*
CHF/ZAR	**16.0512**	14.2635	*(12.5)*

ZAR VS BUITELANDSE GELDEENHEDE DEUR REMGRO GEHOU



R72 miljoen) bedra. Die afname is die gevolg van negatiewe billike waarde-aanpassings op Grindrod se private ekwiteitsportefeulje (verantwoord as 'n beëindigde bedrywigheid) en op Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod Shipping)-aandele (wat deur die konsolidasie van Grindrod se BBSEB-struktuur verantwoord word). Grindrod se handelswins uit voortgesette bedrywighede het, ondanks die negatiewe impak van die Covid-19-pandemie, 'n stewige vertoning gelewer.

Grindrod Shipping se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het 'n verlies van R46 miljoen (2019: verlies van R65 miljoen) bedra. Die verbetering in Grindrod Shipping se resultate is hoofsaaklik toe te skryf aan hoër tenkskipverdienste en 'n buitelandse valutawins op 'n intergroeplening (vergeleke met verliese in die vergelykende tydperk). Dit is deels teengewerk deur swakker tariewe in die droëvragbesigheid, sowel as hoër netto rente-uitgawes.

SEACOM Capital Beperk (SEACOM) se bydrae tot wesensverdienste het 'n verlies van R10 miljoen (2019: 'n verlies van R2 miljoen) bedra.

MEDIA EN SPORT

Media en sport bestaan hoofsaaklik uit die belange in eMedia Investments Eiendoms Beperk (eMedia Investments) en verskeie sportbelange, waaronder die Blue Bulls-rugbyfranchise en die Stellenbosch Academy of Sport Eiendoms Beperk.

eMedia Investments se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het tot R78 miljoen (2019: R39 miljoen) toegeneem. Die toename is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n toename in advertensie-omset, ondersteun deur 'n toename in markaandeel, ondanks die strawwe ekonomiese omgewing en moeilike handelstoestande in die advertensiemark. eMedia Investments belê steeds in die multikanaalbesigheid (Openview en e.tv-multikanaal), met Openview se geaktiveerde ontvangstoestelle wat teen 'n gemiddelde van nagenoeg 35 000 per maand groei. Teen 30 Junie 2020 was daar reeds meer as 2.0 miljoen ontvangstoestelle in bedryf (30 Junie 2019: 1.7 miljoen). Die belegging in die multikanaalbesigheid het van R330 miljoen tot R283 miljoen afgeneem vanweë 'n vermindering in subsidiekoste, sowel as verhoogde omset danksy die groter markaandeel.

ANDER BELEGGINGS

Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het 'n verlies van R66 miljoen (2019: wins van R39 miljoen) bedra. Die afname was hoofsaaklik te wyte aan die geëkwiteerde verliese van Bos Brands Eiendoms Beperk ten bedrae van R85 miljoen (2019: verliese van R61 miljoen), asook 'n kleiner bydrae van R25 miljoen (2019: R65 miljoen) deur Business Partners Beperk, wat verband hou met hoër voorsienings vir kredietverliese weens die negatiewe uitwerking van die Covid-19-pandemie op sy KMO-kliëntebasis.

SENTRALE TESOURIE EN ANDER NETTO KORPORATIEWE KOSTE

Finansieringsinkomste het R479 miljoen (2019: R755 miljoen) bedra. Die afname was grootliks te wyte aan minder rente wat plaaslik verdien is weens plaaslike kontant wat in Mei 2019 (£100 miljoen) en Augustus 2019 (£70 miljoen) na die buiteland oorgedra is, asook die vermindering van 250 basispunte in die Suid-Afrikaanse repokoers wat sedert Maart 2020 aangekondig is. Finansieringskoste het R951 miljoen (2019: R823 miljoen) bedra. Die positiewe billike waarde-aanpassing van R2 miljoen (2019: R112 miljoen) hou verband met die afname in die waarde van skuldbriefhouers se ruilopsie van die omruilbare skuldbriewe.

Ander netto korporatiewe koste het R667 miljoen (2019: R187 miljoen) bedra. Die toename was grootliks die gevolg van die Sukuma-donasie ten bedrae van R500 miljoen.

VERDIENSTE

Totale verdienste het met 9.2% tot R6 646 miljoen (2019: R7 319 miljoen) afgeneem. Daar moet op gelet word dat benewens die afname in wesensverdienste hierbo bespreek (R5 028 miljoen laer), verdienste ander eenmalige items insluit wat die vergelykbaarheid daarvan bemoeilik, waaronder:

- die rekeningkundige wins gerealiseer met die RMH-ontbondeling en FirstRand-herklassifikasie ten bedrae van R11 588 miljoen (2019: wins gerealiseer met die verkoop van Unilever van R8 318 miljoen);
- Remgro se gedeelte van die waardedaling van Mediclinic se bates in Switserland en die Midde-Ooste en sy belegging in Spire Healthcare Group plc (Spire) van R4 330 miljoen (2019: R2 873 miljoen);
- die waardedaling van klandisiewaarde van R1 809 miljoen in verband met Remgro se belegging in Distell (2019: R888 miljoen in verband met Remgro se belegging in Siqalo Foods);

- Remgro se gedeelte van die waardedaling van R970 miljoen in RCL Foods se onderliggende afdelings (2019: R428 miljoen);
- die waardedaling van Remgro se beleggings in Mediclinic (R3 898 miljoen) en PGSI (R378 miljoen) in die 2019-finansiële jaar;
- die waardedaling van Remgro se beleggings in Grindrod van R596 miljoen (2019: R300 miljoen) en Grindrod Shipping van R112 miljoen (2019: R277 miljoen); en
- Remgro se gedeelte van die wins met 'n winskoop van R191 miljoen wat gespruit het uit RCL Foods se oorname van Imperial Logistics.

KONTANT BY DIE KERN EN BUITELANDSE WISSELKOERSE

Op 30 Junie 2020 het Remgro se kontant by die kern R17 073 miljoen (2019: R15 727 miljoen) bedra, waarvan 61% in die buiteland belê is (2019: 43%). Die kontant word in verskillende geldeenhede gehou, waarvan ongeveer 40% in SA-rand, 16% in VSA-dollar en 44% in Britse pond gehou word.

Gedurende die jaar is £70 miljoen van die plaaslike kontant na buitelandse kontant oorgedra teen 'n SA-rand/Britse pond wisselkoers van R17.79 = £1.00. Gedurende die jaar onder oorsig is buitelandse valutawinste ten bedrae van R1 638 miljoen (2019: R38 miljoen) verantwoord, weens die verswakking van die SA-rand teenoor die VSA-dollar vanaf R14.07 = $1.00 op 30 Junie 2019, tot R17.35 = $1.00 op 30 Junie 2020, en die verswakking van die SA-rand teenoor die Britse pond vanaf R17.88 = £1.00 op 30 Junie 2019, tot R21.45 = £1.00 op 30 Junie 2020. Vir rekeningkundige doeleindes word hierdie wisselkoers-veranderinge direk in ekwiteit verantwoord.

Remgro se buitelandse kontant word opsygesit vir moontlike nuwe beleggings en die uitbreiding van bestaande buitelandse beleggings (VSA-dollar), asook om buitelandse skuld (Britse pond) te vereffen.

EKSTERNE BEFONDSING

Gedurende die 2016-finansiële jaar het Remgro (deur sy volfiliaal Remgro Healthcare Holdings Eiendoms Beperk (RHH)) klas A-voorkeuraandele ten bedrae van R3.5 miljard (vierjaartermyn en 'n vaste dividendkoers van 7.7%) en klas B-voorkeuraandele ten bedrae van R4.4 miljard (vyfjaartermyn en vaste dividendkoers van 8.3%) uitgereik. Gedurende Maart 2019 is die aflosdatum van die klas A-voorkeuraandele verleng tot 15 Januarie 2024 (teen 'n vaste dividendkoers van 7.5%, effektief vanaf 17 Junie 2019) en die klas B-voorkeuraandele is verleng tot 17 Maart 2025 (teen 'n vaste dividendkoers van 7.8%, effektief vanaf 16 Maart 2021).

Gedurende die 2016-finansiële jaar het Remgro ook omruilbare skuldbriewe ten bedrae van £350.0 miljoen (deur sy volfiliaal, Remgro Jersey GBP Beperk) uitgereik. Die omruilbare skuldbriewe het 'n termyn van vyf jaar en 'n vaste koeponkoers van 2.625%, halfjaarliks betaalbaar. Die omruilbare skuldbriewe is omruilbaar vir nagenoeg 30.9 miljoen Mediclinic-aandele en/of kontant, en die omruilprys vir die skuldbriewe is £11.3086 per Mediclinic-aandeel, wat 'n premie van 30% verteenwoordig bo die geweegde gemiddelde prys van die Londense Effektebeurs (LSE) tussen die loodsing en die prysvasstelling van die skuldbriefaanbod. By die omruiling of aflossing van die skuldbriewe, sal Remgro die diskresionêre reg hê om 'n bedrag in kontant, of aandele, of 'n kombinasie van kontant en aandele, te lewer. Die skuldbriewe is op 23 Maart 2016 vir verhandeling in die opemarkafdeling (Freiverkehr) van Frankfurt se Effektebeurs ingesluit. Op 30 Junie 2020 het die skuldbriewe teen 97.43% (2019: 97.25%) van nominale waarde verhandel. Die vervaldatum van die skuldbriewe is 22 Maart 2021 en daarom as korttermyn skuld geklassifiseer.

DIVIDENDE

Die finale dividend per aandeel is op 50 sent (2019: 349 sent) vasgestel. Die finale dividend is afwaarts aangepas om die RMH-ontbondeling en die impak van die Covid-19-pandemie (werklik en beraam) op kontantverdienste by die kern in berekening te bring. Totale gewone dividende per aandeel ten opsigte van die jaar tot 30 Junie 2020 bedra gevolglik 265 sent (2019: 564 sent), wat 'n afname van 53.0% verteenwoordig.

Die dividend is 2.1 keer deur wesensverdienste gedek teenoor 2.5 keer die vorige jaar.

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel op 30 Junie 2020 was R154.47 teenoor R233.03 op 30 Junie 2019. Die afname weerspieël die uitwerking van die RMH-ontbondeling en negatiewe impak van die Covid-19-pandemie op markwaardes (genoteerdes) en billike waardes (ongenoteerdes) van onderliggende beleggings. Verwys na die hoofuitvoerende beampte se verslag op bladsy 25 vir 'n volledige bespreking van Remgro se intrinsieke netto batewaarde en hoe dit met sekere gekose JSE-indekse vergelyk.

REKENINGKUNDIGE BELEID

Die finansiële jaarstate word ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) opgestel. Die rekeningkundige beleid is konsekwent toegepas in beide jare, met die uitsondering van die implementering van *IFRS 16: Hure*. Verwys na "Verandering in rekeningkundige beleid" vir meer besonderhede oor die implementering van hierdie standaard soos in aantekening 2 tot die verkorte finansiële jaarstate op bladsy 130 uiteengesit.

RISIKO- EN GELEENTHEIDSBESTUUR

Die maatskappy het 'n omvattende risiko- en geleentheids-bestuursbeleid geïmplementeer wat op die beginsels en raamwerk van die internasionale COSO (Komitee van Borgorganisasies van die Treadway-kommissie) Onder-nemingsrisikobestuur – Geïntegreerde Raamwerk geskoei is en aan die aanbevelings van die King IV Verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (2016) voldoen. 'n Uitgebreide risiko- en geleentheidsbestuurstruktuur verseker verder effektiewe en doelmatige risiko- en geleentheidsbestuur in die groep.

'n Opsomming van Remgro se risiko- en geleentheidsbestuur-proses verskyn in die Risiko- en Geleentheidsbestuursverslag op bladsy 77, asook in aantekening 13 van die omvattende finansiële jaarstate, wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is.

Neville Williams
Hoof finansiële beampte

Stellenbosch
28 September 2020

SAMESTELLING VAN TOTALE WESENSVERDIENSTE

R miljoen	Jaar geëindig 30 Junie 2020	% verandering	Jaar geëindig 30 Junie 2019
Finansiële dienste[1]			
RMI	**599**	*(48.4)*	1 161
FirstRand	**657**	*(39.9)*	1 093
RMH	**1 430**	*(45.9)*	2 644
Gesondheidsorg			
Mediclinic	**1 655**	*(2.2)*	1 693
Verbruikersprodukte			
RCL Foods	**92**	*(63.8)*	254
Distell – entiteitsbydrae	**165**	*(64.1)*	459
– *IFRS 3* uitgawe[2]	**(47)**	–	(47)
Siqalo Foods – entiteitsbydrae	**414**	*24.7*	332
– *IFRS 3* uitgawe[2]	**(79)**	*1.3*	(80)
Nywerheid			
Air Products	**333**	*(2.9)*	343
Total	**(20)**	*(106.1)*	328
KTH	**(164)**	*(201.9)*	161
Wispeco	**80**	*(33.9)*	121
PGSI	**(126)**	*(1 300.0)*	(9)
Infrastruktuur			
CIVH	**(649)**	*(218.1)*	(204)
Grindrod	**(12)**	*(116.7)*	72
Grindrod Shipping	**(46)**	*29.2*	(65)
SEACOM	**(10)**	*(400.0)*	(2)
Ander infrastruktuurbelange	**1**	*(96.0)*	25
Media en sport			
eMedia Investments	**78**	*100.0*	39
Ander media- en sportbelange	**19**	*200.0*	(19)
Ander beleggings	**(66)**	*(269.2)*	39
Sentrale tesourie			
Finansieringsinkomste	**479**	*(36.6)*	755
Finansieringskoste	**(951)**	*(15.6)*	(823)
Opsie hermeting	**2**	*(98.2)*	112
Ander netto korporatiewe koste	**(667)**	*(256.7)*	(187)
Totale wesensverdienste	**3 167**	*(61.4)*	8 195
Geweegde aantal aandele (miljoen)	**565.0**	*(0.1)*	565.6
Totale wesensverdienste per aandeel (sent)	**560.6**	*(61.3)*	1 448.9

[1] *Verwys na die verandering in rapporteringskategorieë op bladsy 30.*

[2] *IFRS 3 uitgawe verteenwoordig die amortisasie- en waardeverminderinguitgawes, netto van belasting, wat verband hou met die addisionele bates geïdentifiseer toe Remgro beheer oor daardie entiteite verkry het.*